Geagte Ouer

AFFIE-WILDSFEES 2018

Ons nooi u graag na die 24ste Affie-wildsfees op 18 Augustus 2018.

Ons kuier oudergewoonte in die lapas, terwyl Heuwels Fantasties optree. Die Affie-werf se padstal verkoop lekker eetgoed soos pannekoek en talle uitstallers kan by ons snuffelmark besoek word. Ons eie Orkes-koppekap-wenners begin reeds om 16:00 optree. Rugby word van 17:00 af op 'n grootskerm vertoon, waarna ons veiling om 19:00 'n aanvang neem.

'n Kaartjie kos R170 (ete en vermaak ingesluit) en kan vanjaar aanlyn bespreek word vanaf 2 Mei 2018.

*** Die kaartjie kan elektronies betaal word of by skoolkantoor, met die besprekingsnommer as verwysing.***

Let op dat dit betaalbaar is binne 72 uur na die aanlynbespreking. Die afsnydatum vir kaartjiebesprekings- en betaling is 13 Augustus, waarna oorblywende kaartjies teen R180 met 'n kredietkaart aanlyn te koop sal wees. U kan ook 'n privaatlapa teen R8 500 bespreek. (Besonderhede op skenkingsvorm)

Ons neem die vrymoedigheid om 'n skenkingsvorm aan u te stuur om elektronies te voltooi en versoek dat u voor 17 April antwoord. Om koste te bespaar en om die verwerking van die vorms te vergemaklik , versoek ons u om die vorm **elektronies** te voltooi, maar ons sal uitsonderings hanteer. Ons sal by albei skole 'n prys gee vir die klasse wie se vorms eerste elektronies voltooi is. Wees op die uitkyk vir die e-pos wat u sal ontvang om die proses te verduidelik.

Sonder u ondersteuning is dit nie moontlik om hierdie besondere geleentheid aan te bied nie.

Let asb. daarop op dat AHS en AHM alle wildsfeestransaksies deur die skole se trustrekenings bedryf en nie die gewone skoolrekening nie.

Alle navrae kan aan die skoolverteenwoordigers gerig word:
AHS: Petro Janse van Vuuren: petro.jansevanvuuren@affies.co.za of 012 344 3805/6
AHMP: Sandra Louw: sandra.louw@ahmp.co.za of 012 344 3811

Wildsfees-groete

Dr. Pierre Edwards
AHS

Me. I Troskie/Me S Heyns
AHMP

Donasies kan elektronies oorgeplaas word. Maak asb. seker u gebruik die korrekte verwysingskode:

Verwysings vir inbetaling:
Donasies: WD (Leerder se voorletter, van en voogklas, bv. WD A Venter 8A)
Kaartjies: Verwysingsnommer. (Leerder se voorletter, van en voogklas, bv. A Venter 8A)
Privaatlapas: WPL (Leerder se voorletter, van en voogklas, bv. WPL A Venter 8A)
Stalletjie: WS (Leerder se voorletter, van en voogklas, bv. WS A Venter 8A)
Borge: WB (Leerder se voorletter, van en voogklas, bv. WB A Venter 8A)

Bankbesonderhede: Afrikaanse Hoër Seunskool Trust ABSA Tjekrekening Hatfield-takkode: 632-005 Rekeningnommer: 2140 583 467 Verwysing soos bo aangedui.	**Custodia Trust (AHMP)** Absa Tjekrekening Lynnwoodweg-takkode: 632-005 Rekeningnommer: 406 914 9099 Verwysing soos bo aangedui.